

## MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

### NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG, 2 APRIL 2014 OM 13:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

#### NOMMER 03/2014

#### 1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met gebed geopen waarna die voorsitter al die lede en gaste verwelkom. Mnr Charles Pretorius, eienaar van PIGS Loodgieters word ook verwelkom.

#### 2. PRESENSIE

##### 2.1 Teenwoordig

Anton Dellelijn	Voorsitter	Tergniet
Pieter le Roux		Kleinbrak
Johann Muller		Reebok (onder spoor)
Johan Lotter		Reebok (bo spoor)
Kruger de Wet		Reebokhoogte
Charl De Wet		Kleinbrak
Mike Wray	Onder-voorsitter	Tergniethoogte
Jan Roets		Tergniethoogte
Lavinia Lunow		Fraaiuitsig

##### 2.2 Op uitnodiging

Raadslid Gibo Gerber	Raadslid – Wyk 5
Frans de Graaff	Munisipaliteit
Rozain Hansen	Munisipaliteit
Kaylene Taute	Munisipaliteit

##### 2.3 Afwesig met verskoning

Len Rauch	Tergniet
Jennifer Williams	Toekoms
Charl Coetzer	Fraaiuitsig
Ray Saul	Reebokhoogte
Des Muller	Riverside
Frik Nel	Reebokrif / Bewarea
Lydia Havenga	Bewarea
Terrie Terblanche	Riverside
Chris Pretorius	De Lange Uit
Raadsheer Kallie Smit	Raadslid – Wyk 4

#### 3. LIEF EN LEED

Gelukwense aan Pieter Le Roux (2 April) en Len Rauch (21 April) met hulle verjaarsdae. Len Rauch het 'n knie Vervanging op 24 Maart 2014 gehad.

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
4.	<p><b>GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING</b></p> <p>Die notule van die vorige vergadering word goedgekeur.</p>	Lede
5.	<p><b>AANVULLENDE AGENDA</b></p>	
5.1	<p><b>Midbrak Ontwikkeling – R102 &amp; N2.</b></p> <p>Die Epos oor die ‘Appeal Decision on proposed residential developments in Mid-Brak’ gedateer 28 Maart 2014 was aan die lede gestuur vir terugvoer. Daar word besluit dat Johan Lotter saam met Deon Potgieter die dokumentasie sal bestudeer en terugvoer gee.</p>	Johan & Deon
5.2	<p><b>Trein Ongeluk Tergriet/Reebok.</b></p> <p>Frik Nel het die terrein besoek en noem dat Spoorwee die grond sal opruim en rehabiliteer. Johann Muller bevestig ook dat Omgewings Bewaring daar was om die skade te bepaal. Die Voorsitter vra dat die area gemonitor word.</p>	Frik / Lydia
5.3	<p><b>Minister Anton Bredell besoek aan Midbrak 3 April 2014 14:00-16:00</b></p> <p>Die voorsitter noem dat die Raadslede die geleentheid aangegryp het en dat Minister Bredell genooi gaan word na Midbrak. Hy het voorgestel dat belangrike punte soos die skoonmaak van die R102 asook die R102/N2 ontwikkeling bespreek word met die Minister tydens sy terugvoer sessie. Die Grootbrakrivier Sport Akademie sal ook ‘n geleentheid kry om ‘n aanbieding te maak.</p>	Anton / Lede
5.4	<p><b>Parkering Kusweg Reebok – Oop erwe.</b></p> <p>Die voorsitter noem dat daar te min parkering is, hoek van De Jager en Kusweg en dat voertuie parkeer op oop erwe langs Kusweg. Daar moet na moontlikhede gekyk word.</p>	Anton
5.5	<p><b>Groenkloof Anex 2 - Sypaadjies.</b></p> <p>Die voorsitter noem dat die area baie sleg voorkom en die Munisipaliteit moet die ontwikkelaar aanspreek om die gras te sny.</p>	Anton / Rozain
5.6	<p><b>Sny van Sypaadjies.</b></p> <p>Die lede noem dat die gebied se sypaadjies sleg lyk met die lang gras asook onkruid. Die gras sypaadjies word ook sigsag gesny en skep nie ‘n goeie indruk nie. Gedeeltes moet ook gespruit word met onkruidodder.</p>	Rozain / Lede
5.7	<p><b>Opgradering van Kusweg.</b></p> <p>Frik wil graag weet wanneer die kontrakteur gaan begin met die volgende fase van die opgradering van Kusweg.</p>	Frik / Rozain

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
<b>6.</b>	<b>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</b>	
<b>6.1</b>	<p><b>Induksie fase: Nuwe Lid – Reebok Hoogte.</b></p> <p>Ray Saul het verskoning gemaak en sal met volgende vergadering amptelik verwelkom word.</p>	Len / Ray
<b>6.2</b>	<p><b>Water Gehalte en Koper pype.</b></p> <p>Die voorsitter noem dat die saak wyer uitkring en meer en meer inwoners word nadelig geraak. Die Munisipaliteit asook plaaslike Loodgieters is genader vir terugvoer. Die Munisipaliteit het verskoning gemaak en genoem dat hulle weer 'n onafhanklike verslag aangevra het van 'n privaat maatskappy, wat binnekort beskikbaar sal wees. Mnr Charles Pretorius van PIGS Loodgieters in Fraaiuitsig is genader om aan die lede te verduidelik wat dit behels as koperpype bars, die impak op ons gebied, ou en nuwe huise wat geraak word asook die bespreking van sy onafhanklike verslae.</p> <p>Mnr Pretorius verduidelik aan die lede dat die koperpype bars by nuwe en ou huise op 'n gereelde basis en is duidelik sigbaar in alle areas van Midbrak. Die watergehalte verslae (Delta Water Samplings) maak dit duidelik dat die water gehalte wel volgens voorskrifte is, maar dat daar n moontlikheid van korrosie is.</p> <p>Kruger De Wet word gevra om die projek te hanteer asook terugvoer te gee oor al die verslae en die Munisipaliteit moet versoek word vir dringende terugvoer.</p>	Kruger / Kalie / Rozain / Lede
<b>6.3</b>	<p><b>Aansoek om sluiting, onderverdeling, hersonering &amp; konsolidasie: gedeelte van Congostraat aangrensend tot erwe 494 en 495, Fraaiuitsig, Kleinbrakrivier.</b></p> <p>Die Voorsitter noem dat daar geen besware ontvang was nie en dat die MBBV die Munisipaliteit dienooreenkomstig laat weet het per brief. Haal af.</p>	Charl / Lavinia
<b>6.4</b>	<p><b>Krag Onderbekings</b></p> <p>Rozain noem dat inwoners datums en tye moet deurgee sodat hulle die oorsake kan nagaan en terugvoer kan gee. Haal af.</p>	Rozain
<b>6.5</b>	<p><b>Bywoning van munisipale komiteevergaderings vir 2014</b></p> <p>Pieter Le Roux gee terugvoer oor die Vergadering op 12 Maart 2014. Mike en Lavinia sal die volgende vergadering op 09 April 2014.</p>	Mike / Lavinia
<b>6.6</b>	<p><b>Onwettige ingang vanuit Impalalaan – Erf 1155</b></p> <p>Frans gee terugvoer en noem dat die kennisgewing afgelewer is om in die hof te verskyn.</p>	Frans De Graaff

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
6.7	<p><b>R102 - Skoonmaak van syaadjes – Eden Distrik Munisipaliteit.</b></p> <p>Rdl Gerber het 'n brief gerig aan Mnr Ottervanger vir aksie en wag op terugvoer. Die Voorsitter noem dat hulle die saak met die Minister gaan bespreek vir hulp.</p>	Anton / Gibo
6.8	<p><b>Pad na Powertown / bootlanding</b></p> <p>Die Voorsitter noem dat hy vanoggend die saak weer onder die aandag van die Voorsitter Kleinbrakrivier Estuary Forum gebring het vir dringende hulp en ondersteuning. Nog geen terugvoer is ontvang van die Munisipaliteit nie.</p>	Rozain / Anton
6.9	<p><b>Ongemagtigde strukture (Wendy huis en skadunet) in Impalaweg</b></p> <p>Frans bevestig dat die saak nog in proses is.</p>	Frans De Graaff
6.10	<p><b>Kusweg – rigting Kleinbrak: Kompaktering van informele voetpad vanuit Reebok na Kleinbrak</b></p> <p>Lede sal foto's neem van Reebokhoogte se treinspoor oorgang en dit vir die Munisipaliteit stuur om soortgelyke stap paadjie te maak vanaf Reebok na Kleinbrak.</p>	Lede / Altus / Rozain
6.11	<p><b>Verskuiwing en verandering van limietbeperking inligtingstekens</b></p> <p>Altus is weer genader vir hulp. Lede moet net bevestig sodra aksie uitgevoer is in De Jager Weg.</p>	Anton / Rozain
6.12	<p><b>Onwettige storting van grond te Steenbras Straat no 11 en Noordsig Laan.</b></p> <p>Frans bevestig dat Bertie hulle die saak monitor.</p>	Frans / Mike
7.	<p><b>WYKSKOMITEES – Wyke 4 en 5</b></p> <p>Geen terugvoer.</p>	Charl /Johann
8.	<p><b>PROJEKTE</b></p>	
8.1	<p><b>Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering</b></p> <p>Herseel en toestand van Hildegard Laan. Frik sal foto's neem en deurstuur. Wag nog op terugvoer vanaf Munisipaliteit.</p>	Rozain / Frik
8.2	<p><b>Skoonmaak van erwe</b></p> <p>Wag nog op terugvoer oor Erf 391 Kusweg.</p>	Len / Johann / Rozain
8.3	<p><b>Rampbestuur</b></p> <p>Getekende Plan sal deurgestuur word aan lede vir terugvoer.</p>	Rozain / Des

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
8.4	<p><b>Hersiening van straatname in die gebied en kartering van nuwe uitbreidings.</b></p> <p>Len en Charl is afwesig en sal terugvoer gee met volgende vergadering.</p>	Len / Charl / Kalie
9.	<p><b>FINANSIES</b></p> <p>Geen gelde is ontvang of uitgegee nie.</p>	Anton / Charl
10.	<p><b>POLISIËRING / BUURTWAG</b></p> <p>Die Voorsitter en Johann Muller gee terugvoer oor inbraak statistiek en oorsake.</p>	Lede
11.	<p><b>BEWAREA</b></p>	
11.1	<p><b><u>Witdoodhaai Navorsing.</u></b> Geleentheid sal gereel word sodat die Navorsing Instituut vir die gemeenskap terugvoer kan gee.</p>	Anton / Frik / Lydia
11.2	<p><b><u>Bewarea banksake.</u></b> Saak sal bespreek word wanneer oorplasing van fondse gedoen kan word, tydens volgende vergadering.</p>	Frik
11.3	<p><b><u>Tuinbou Kompetisie.</u></b> Die kompetisie sal in September/Oktobre plaasvind. Frik noem dat daar dringend borde opgesit moet word by die Olkersweg Kleinbrakrivier dat oornag fasiliteite verbode is op die strand. Hy noem dat daar voertuie op die strand kom, wat ook aangespreek moet word. Munisipaliteit sal gevra word vir hout pale en borde.</p>	Lydia
11.4	<p><b><u>Geen oornag fasiliteite en Motors op die Strand Borde.</u></b> Wag nog vir terugvoer vanaf Munisipaliteit.</p>	Rozain / Frik
12.	<p><b>PLAASLIKE SAKE</b></p>	
12.1	<p><b>De Lange Uitbreiding</b></p>	<b>Chris Pretorius</b>
12.1.1	<p><b><u>Lang Gras.</u></b> Wag nog vir terugvoer.</p>	Rozain / Chris
12.1.2	<p><b><u>Lae Waterdruk.</u></b> Wag nog vir terugvoer.</p>	Rozain / Chris
12.1.3	<p><b><u>Rommelstrooi Sowesia.</u></b> Rozain noem dat die Munisipaliteit 3 keer per week daar skoon maak. Indien lede weer rommel gewaar moet hul dadelik die Munisipaliteit skakel. Haal af.</p>	Rozain / Chris
12.2	<p><b>Fraaiuitsig</b></p>	<b>Lavinia/ Charl</b>
12.2.1	<p>Seashell Straat waterdruk baie swak. Munisipaliteit word gevra vir ondersoek.</p>	Rozain
12.2.2	<p>Charl noem dat die Swartsakke se gehalte baie swak is. Rozain sal ondersoek instel.</p>	Rozain

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
12.3	<b>Klein-Brakrivier</b>	<b>Pieter / Charl</b>
12.3.1	<b>Blouvlag status</b>	
	Die Voorsitter verwys na die foto's en terugvoer van Kruger en Pieter oor die bourommel en toestand van Kleinbrakstrand, asook die tekort aan parkering. Die kwessie oor die werksure van die Lewensredders is ook deurgegee. Die vereniging het dit onder die aandag van die Munisipaliteit gebring vir aksie, wag nog op terugvoer.	Anton / Rozain / Pieter / Kruger
12.4	<b>Reebok</b>	
12.4.1	<b>Noord van die spoorlyn</b>	<b>Johan Lotter</b>
	Onkruid in die Strate. Rozain noem dat die Munisipaliteit aksie gaan neem.	Rozain / Johan
12.4.2	<b>Suid van die spoorlyn</b>	<b>Johann Muller</b>
	Geen probleme om te rapporteer nie.	
12.5	<b>Reebokhoogte</b>	<b>Kruger De Wet</b>
12.5.1	<b>Sluit van elektriese kaste</b>	
	Rozain noem dat slotte aangekoop is en sal aangebring word.	Rozain
12.6	<b>Reebokrif</b>	<b>Frik Nel</b>
	Geen probleme om te rapporteer nie.	
12.7	<b>Riverside</b>	<b>Des Muller</b>
	Geen probleme om te rapporteer nie.	
12.8	<b>Tergniet</b>	<b>Len / Anton</b>
	Geen probleme om te rapporteer nie.	
12.9	<b>Tergniethoogte</b>	
12.9.1	Bertie Supra en Frans De Graaf monitor die saak oor die sandhope in Steenbras straat en Noordsig Laan.	Rozain / Bertie / Frans / Mike
12.9.2	Daar is nog niks aan die 'Mike Wray Blvd rylaan' (Tergniet se hoofingang vanuit R102) se onnetheid gedoen nie. Saak sal dringend met Munisiplaiteit bespreek moet word.	Rozain / Mike
12.10	<b>Toekoms</b>	<b>Jennifer</b>
	Geen probleme om te rapporteer nie.	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
13.	<b>KORRESPONDENSIE &amp; ALGEMEEN</b>	
13.1	Die Voorsitter noem dat die MBBV koerant berig geplaas is waarin die Sekretaris asook Notuleerder posisie geadverteer word.	Johann
14.	<b>VOLGENDE VERGADERING</b>  Woensdag, 7 Mei 2014 - 13:00 word geskuif agv die verkiesing na 14 Mei 2014 in die Reebok Gemeenskapsaal.	
15.	<b>VERDAGING</b>  Die vergadering verdaag om 15h50.  ANTON DELLEMIJN <b>NOTULEERDER</b>  GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 4/2014 GEHOU OP 14 MEI 2014 – 13:00.          ANTON DELLEMIJN <b>VOORSITTER</b>	